



GRAAD 10 PROEFEKSAMEN
2006

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I
PROEFVRAESTEL I

Tyd: 2 uur

80 punte

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum met tekste van (i – v) bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Beantwoord al die vrae en nommer die antwoorde presies soos dit op die vraestel aangedui is.
 3. Vir netheid en nasiendoeleindes is dit 'n goeie idee om 'n reël tussen antwoorde oop te laat.
 4. Skryf netjies in goed versorgde taal. Dit sal in jou guns tel.
-

VRAAG 1

Lees die artikel, “Tsotsi”, leesstuk 1 in die addendum, en beantwoord die volgende vrae:

- 1.1 Let op die uitdrukking “Oeps” in par. 1.
- 1.1.1 Watter soort woord is “Oeps” en wat word gewoonlik daarmee bedoel? (2)
- 1.1.2 Skryf ’n frase uit par.1 neer wat die betekenis van “Oeps” in woorde omsit. (1)
- 1.2 Verwys na par. 2.
- 1.2.1 Het Fugard se verleentheid en Hood se gevoel van triomf op dieselfde oomblik plaasgevind? Verduidelik. (2)
- 1.2.2 Hoe het Hood uiting gegee aan sy seëvierende gevoel? Verduidelik in Afrikaans wat dit beteken. (1)
- 1.2.3 Waarom het hy juis hierdie woorde gebruik? (1)
- 1.3
- 1.3.1 Ná die Oscar-toekenning aan “Tsotsi” is **patriotiese trots** ervaar. Wat word met hierdie uitdrukking bedoel? (1)
- 1.3.2 Wat het Lisa Fugard verder opgewonde gemaak oor die toekenning? (1)
- 1.4
- 1.4.1 Die teks, “Tsotsi” bestaan in die vorm van drie génres wat deur ons “gelees” kan word. Wat is hierdie drie génres soos dit in die artikel voorkom? (3)
- 1.4.2 Watter een van hierdie génres sou jy verkies om te lees en hoekom juis dié génre? (2)
- 1.5 Paragraaf 7 begin met, ‘Ja, sê Fugard, dis waar.’ Hy reageer dus op ’n stelling of opmerking. Waarop, en op wie, reageer hy? (2)
- 1.6 Heelwat word gesê oor die “boodskap” van dié rolprent vir vandag. Wat is jou mening daarvoor as ’n jong Suid-Afrikaner? (3)
- 1.7 In par. 8 lees ons van ’n “inheemse taal” en Zoeloe word genoem.
- 1.7.1 Wat word bedoel met ’n “inheemse taal”? (1)
- 1.7.2 Dink jy “tsotsitaal” is ’n inheemse taal? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.7.3 Beskou jy Afrikaans as ’n inheemse of uitheemse taal? Verduidelik. (2)
- 1.8
- 1.8.1 Wat is “kwaito”? (par. 8) (1)
- 1.8.2 Skryf twee afsonderlike woorde uit par. 8 neer wat jou definisie van “kwaito” ondersteun. (2)
- 1.9 Paragrafe 7 en 9 eindig elk met ’n ellips (stippels). Wat sê hierdie leesteken vir die leser in elk van hierdie gevalle? (2)
- 1.10 In die titel word die woord “wenner” gebruik. Watter ander bekende woord met dieselfde betekenis word gewoonlik in hierdie tipe konteks gebruik? (1)

VRAAG 2 OPSOMMING

Diekie vannie Bo-Kaap word geresenseer deur Christi Coetzee in Leesstuk 2 van die addendum. Lees dit noukeurig en skryf dan vier redes neer waarom jongmense dit sal geniet en behoort te lees.

Skryf sover moontlik in jou eie woorde en in **puntvorm**.

Moenie meer as **40 woorde** gebruik nie.

Skryf in **volksin**.

Dui aan hoeveel woorde jy gebruik het. (Jy hoef nie *h* as woord te tel nie.)

Korrekte taalgebruik en spelling is belangrik.

(8)

Let wel: Gebruik dieselfde opskrif maar moenie die woorde inreken nie.

VRAAG 3

Verwys na die spotprent, Leesstuk 3, in die addendum.

Bekyk dit noukeurig en beantwoord die volgende vrae daarvoor:

3.1 In hierdie spotprent is ons bewus van die slegte gewoonte van mense wat graag ander stereotipeer.

3.1.1 Hoe sou jy die begrip “stereotipering” aan iemand anders verduidelik? (1)

3.1.2 Watter **twee** groepe mense word hier gestereotipeer? (2)

3.2 Verwys na die spraakborrels.

Verduidelik die houding wat deur elke spreker getoon word deur die woorde wat hy/sy gebruik. (4)

3.4. Hoe dink jy kan iemand dalk vir jòu stereotipeer? (2)

9 punte

VRAAG 4 ONVOORBEREIDE GEDIG: “Twee stokkiesdraaiers” – E. van Heerden

Lees die gedig “Twee stokkiesdraaiers” (leesstuk 4 in die addendum).

Beantwoord nou die vrae hieronder om jou vaardighede waarmee jy hierdie soort teks benader en verstaan, te toon:

- 4.1 Hoe verstaan jy “stokkiesdraaiers” en ’n “stokkiesdraai-fietstoer”? (2)
- 4.2 Wat, dink jy, sê die stippels aan die einde van strofe 3 vir die leser?
Verwys na **twee** moontlikhede. (2)
- 4.3 Die gedig se rymskema is hoofsaaklik **paarrym**.
- 4.3.1 Gee een goeie rede waarom jy dink dis ’n goeie rymkeuse vir hierdie gedig. (1)
- 4.3.2 As jy mooi kyk, het strofe 2 egter nie paarrym nie, maar omarmende rym (abba). Wat, dink jy, is anders aan hierdie strofe se inhoud sodat dit op hierdie manier uitgesonder word? (2)
- 4.4 Wat suggereer die digter in die laaste strofe het met die twee seuns gebeur?
Motiveer jou antwoord met woorde/frases uit hierdie strofe. (3)
- 4.5. Veral in strofes 3 en 4 vind ons waarskuwings of vooruitwysings wat vir die leser sê dat die einde dalk tragies gaan wees. Skryf één aanhaling uit hierdie strofes neer wat ons waarsku. (1)
- 4.6. Die gedig se inhoud word op baie betekenisvolle manier verbeeld deur die gebruik van helder en kragtige metafore en vergelykings.
Skryf **een** so ’n vorm van beeldspraak uit die gedig neer en verduidelik hoe dit werk en wat dit beteken. (3)
- 4.7 Op die volgende bladsy verskyn vier foto’s wat moontlik kan aansluit by die inhoud van die gedig. Kies **twee** sulke foto’s en verduidelik jou keuse deur die foto’s in verband te bring met aanhalings uit of strofes in die gedig. (4)

18 punte

1



2



3



4



VRAAG 5 KORTVERHAAL: Eéndag dag ek ek sien bloed – Z. van den Berg.

Leesstuk 5 in die addendum is 'n kort kortverhaal. Lees dit aandagtig deur en toon jou verstaan daarvan deur die volgende vrae te beantwoord.

- 5.1 In hierdie kortverhaal is daar twee karakters, die ek-verteller en Japie Mostert.
- 5.1.1 Wat is jou opinie van die verteller aan die begin van die verhaal? Motiveer jou antwoord deur te verwys na die eerste 4 paragrawe. (2)
- 5.1.2 Hoe verander jou opinie van die verteller uit die gebeure en die optrede van die verteller in die verdere verloop van die verhaal? Verduidelik jou antwoord en verwys na die teks. (3)
- 5.2 Wat suggereer die gerugte oor Japie se huislike omstandighede aan die begin van die verhaal, was dalk die oorsaak van die stukkende plekke op sy gesig? Verduidelik jou antwoord deur na die teks te verwys. (2)
- 5.3 Wat was jou reaksie toe jy later in die verhaal uitvind wat eintlik die merke op Japie se gesig veroorsaak het? Verduidelik. (2)
- 5.4 Kyk weer na die opskrif van die verhaal.
- 5.4.1 Watter opmerkbare stylfiguur word hier gebruik om die leser se aandag te trek? (1)
- 5.4.2 Wat sê die titel vir jou van die verteller (ek) én van die verhaal wat volg? (2)
- 5.5 Op die volgende bladsy verskyn twee foto's en 'n skets wat moontlik as illustrasies by die verhaal gebruik kan word. Kies die een wat jy dink die beste by die verhaal sal pas en motiveer jou keuse deur ook na die ander twee te verwys. (3)

15 punte

Totaal: 80 punte

1.



2.



3.

